Staat besef dalk nou wat landbou behels

Dit is duidelik in die landboubegroting dat sterker vennootskappe tussen die staat en die private sektor sal verseker dat die landbou tot sy reg kan kom.

Deur JOYLENE VAN WYK

Die landbousektor is, soos enige ander sektor, 'n sake-onderneming. Dié besef blyk nou by die Regering in te sink.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het vanjaar 'n begroting van R4,719 miljard gekry – R700 miljoen rand meer as in die vorige boekjaar.

Me. Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, se begroting is in die algemeen goed verwelkom.

Sy het onder meer beklemtoon dat nuwe markte geskep moet word om kleinboere te dien. Die hulp van die private sektor is van groot belang vanweë sy kundigheid en vermoë.

Die private sektor gaan geoormerk word om bystand te bied sodat bekostigbare landbouproduksiemiddele aan bestaans-, klein- en kommersiële boere verskaf kan word.

Dit het duidelik in haar begrotingsrede in die Parlement na vore gekom dat die land nie sonder sy kommersiële boere kan oorleef nie.

"Ek is oortuig daarvan dat ons 'n omvattende vennootskap met die kommersiële landbou nodig het om groter voedselsekerheid te bewerkstellig en te bevorder, werk te skep en om 'n gunstige bydrae tot die ekonomie te lewer.

"As ons in harmonie met kleinboere wil boer, sal die vermoë van die kleinskaalse boere om kommersieel te boer deur die staat bewerkstellig moet word."

Sy het aangedui dat internasionale markte vir die kommersiële sektor uitgebrei moet word. Meer as die helfte van dié boere bedryf klein ondernemings met 'n jaarlikse omset van minder as R300 000.

Met die strenger naspeurbaarheid van produkte vir internasionale markte moet kommersiële boere bygestaan word om aan die streng vereistes van teling en sertifisering van afkoms te voldoen.

LBK

Die Landboubesigheidskamer (LBK) het sy vertroue uitgespreek dat die meer geld wat vir die departement toegestaan is, tot doeltreffender dienslewering en voedselsekerheid vir almal sal lei.

Dr. John Purchase, uitvoerende hoof van die LBK, sê daar is die potensiaal om aansienlik meer werksgeleenthede oor 'n breë basis in die primêre landbou en -verwerkingsbedryf te skep, maar dan sal groter sakevertroue deur belanghebbendes – spesifiek die Regering – geskep moet word.

Groter sakevertroue sal lei tot meer regstreekse belegging in die landbou, wat weer tot groei en werkskepping sal lei.

Die private sektor sal graag inisiatiewe in dié verband van stapel stuur. Groter samewerking tussen die private sektor en Regering gaan egter nodig wees om by die ambisieuse mikpunte uit te kom.

Hy het egter gesê dat die groter kommersiële landbousektor nie die nodige erkenning en ondersteuning kry nie en dat dié sektor amper as vanselfsprekend aanvaar word.

Agri SA

Mnr. Johan Pienaar, adjunk uitvoerende direkteur van Agri SA, meen Joemat-Pettersson het die knelpunte waarmee die landbou te doen het, omvattend in haar begrotingsrede gehanteer.

Hy sê dit is egter nodig dat strukture, soos die forum vir landbou se uitvoerende hoofde (CEO-forum), die Landbouhandelsforum (ATF) en die Nasionale Landbounavoringsforum (NARF), waar alle belanghebbendes byeengebring word om beleidskwessies te bespreek, ten volle benut word.

"Senior personeel van die departement móét toeganklik wees om die samewerking waarna die minister verwys, te laat gebeur.

"Dit is ook nodig dat daar interdepartementeel groter koördinasie moet plaasvind. Dit maak min sin om oproepe tot groter ekonomiese groei, werkskepping en die huisvestiging van nuwe toetreders tot die landbousektor te maak, terwyl besproeiings-, arbeids- en verblyfregbeleid daarteen skop."

Die organisasie is bereid om bystand te bied om opkomende boere op die ongeveer 90 000 hektaar ongebruikte besproeiingsgrond te vestig.

Pienaar meen 'n betekenisvolle bydrae kan só tot die bemagtiging van opkomende boere, voedselsekerheid en werkskepping gelewer word.

Tekortkominge

Die vermoë van Joemat-Pettersson se departement en haar leiding is egter weer bevraagteken.

Parlementslede het sonder om doekies om te draai uitgewys wat die tekortkominge in haar departement is.

Mnr. Salam Abram, ANC-LP en lid van die Parlement se portefeuljekomitee vir van landbou, bosbou en visserye, het die departement se onvermoë in verskeie van sy afdelings uitgewys.

Hy sê een gevolg daarvan is dat boere die land verlaat. Só het talle boere al die melkbedryf verlaat en daar is nog wat dieselfde rigting wil inslaan. Veediefstal alleen bring verliese van sowat R400 miljoen en roofdiere is vir nog R1,3 miljard se verliese verantwoordelik.

Abram (van die Vrystaat) sê sowat 50 boere in sy distrik het óf oorsee gegaan óf die bedryf verlaat. Boonop is daar koffiekwekers wat Suid-Afrika vir Kenia verruil het en van die beste boere in die piesangbedryf is nou in Mosambiek.

Hy sê daar is 37% vakante veeartsenyposte en dat 26% van die grensbeheerposte vakant is.

Die Landbounavorsingsraad ondervind ook groot kapasiteitsprobleme wat hom belemmer om voldoende navorsing te doen.

Mnr. Pieter Groenewald, LP van die VF Plus, het aangedui dat die landelike veiligheidsplan nie in die praktyk toegepas word nie.

Hy sê dit is belangrik dat boere teen invoer beskerm word – veral omdat ander lande hul boere subsidieer.

"Die boere is van strategiese waarde en as daar nie boere is nie, kan nie een van ons hier sit nie, want dan is daar nie kos om te eet nie. Om te boer in Suid-Afrika is uiters moeilik en die minister behoort die boere te beskerm en te vertroetel."

(Nog 'n berig oor die landboubegroting is op bl. 65.)

joylene.vanwyk@landbou.com